NETWERK24
Kreatiewe Skryfkompetisie

in samewerking met e-Beeld SKOOL en DIE BURGER SKOOL

Kategorieë:

- **Hoërskole: Afrikaans Huistaal**
- **Laerskole: Afrikaans Huistaal**
- **Hoërskole: Afrikaans Eerste Addisionele Taal**

Afrikaans Huistaal en Afrikaans Eerste Addisionele Taal sal afsonderlik geëvalueer word.

Afdeling opstelle

Opstelle wat tussen Januarie en Augustus 2026 geskryf is, mag ingeskryf word. Die volgende kan ingeskryf word:

- Verhalende opstel
- Beskrywende opstel
- Beredeneerde opstel
- Bespiegelende opstel

Tema: Vrye keuse en lengte volgens die kurrikulum-vereiste vir die betrokke graad.

Afdeling poësie

Gedigte wat tussen Januarie en Julie 2026 geskryf is, mag ingeskryf word.
Onderwysers sowel as leerlinge mag deelneem.

Poësie-inskrywings moet ons voor of op 3 Augustus 2026 bereik.
Opstelle moet ons voor of op 1 September 2026 bereik.
Daar is kontantpryse, kursusse en sertifikate op die spel.
Al die inligting en riglyne is op die webtuiste.

NETWERK24 | DIE BURGER SKOOL | e-Beeld SKOOL | afrikaans.com multi dimensions | AON Afrikaanse Onderwysnetwerk | AFRIKAANS

Kontakbesonderhede:
E-pos: skool@ebeeldskool.co.za | skool@dieburgerskool.co.za | SMS: 083 380 1800 | Web: ebeeldskool.co.za

AON (Afrikaanse Onderwysnetwerk) Die AON is 'n lae-profiel, vennootskapgedrewe organisasie wat ten doel het om die gehalte van Afrikaanse onderwys volhoubaar in 'n pypleiding te bevorder. Hierdie pypleiding strek van voorskoolse tot op tersiêre opleidingsvlak. Dit bied leiding aan leerlinge ter wille van die instandhouding en groei van Afrikaans en bemagtig ook die gehalte van Afrikaanse moedertaalonderrig. Dit is 'n sambreelliggaam wat sonder oorvleueling nou met bestaande organisasies in die onderwys saamwerk. Die AON fokus op die instandhouding, groei, versterking en ondersteuning van Afrikaanse moedertaalonderwys in Suid-Afrika deur die vestiging van 'n netwerk wat bekwame en toeganklike ondersteuning aan skole, onderwysers en onderwysinstellings bied.
Kontakpersone: Daan Potgieter: Hoof van AON: 082 701 1570 | **Elarda Meyer:** Kantoorbestuurder: 076 829 7064

Kreatiewe Skryfkompetisie: opstelafdeling

Reëls en inskrywingsprosedure

Opstelafdeling: kreatiewe skryfwerk wat tussen Januarie 2026 en 31 Augustus 2026 geskryf i s, kan ingeskryf word.

Die sluitingsdatum vir inskrywings is 1 September 2026.

Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen korrespondensie sal oor die uitslag van die kompetisie gevoer word nie. Die opstel en ope-afdeling sal gesamentlik beoordeel word.

Skole skryf hul beste leerlinge se kreatiewe skryfwerk in.

Netwerk 24 gee nie individuele terugvoer aan skole of leerlinge nie, maar deeglike algemene terugvoer en wenke sal na afloop van die kompetisie beskikbaar gestel word.

Kompetisie-inligting is beskikbaar by www.ebeeldskool.co.za

Leerlinge se skryfwerk moet getik wees.

Leerlinge se skryfstukke moet gesamentlik as een PDF-dokument by die betrokke afdeling opgelaai word. Boaan elke skryfstuk moet die leerling se naam, opstel kategorie, titel, graad en naam van skool verskyn.

Geen harde kopieë mag ingestuur word nie slegs elektroniese PDF-dokumente moet opgelaai word.

Daar moet 'n opsommenderlys van al die inskrywings ingestuur word. Die lys vir voltooiing is aangeheg. Dit is vir kontrole en moet die voorblad vorm van die skryfstukke wat gesamentlik as een dokument opgelaai word.

Die skool kan die beste werk van slegs 3 leerlinge per graad inskryf. (Dus, slegs 3 skryfstukke per graad) Hoërskole kan dus 15 leerlinge inskryf, as hulle sou verkies om meer as 3 per graad in te skryf, moet daar net ten minste inskrywings van elke graad wees.

Laerskole kan dus 12 leerlinge inskryf en daar moet ook ten minste inskrywings van elke graad wees as hulle meer as 3 by 'n graad inskryf.

Opstelkategorieë

- Verhalend
- Beskrywend
- Argumenterend/ Beredeneerd
- Bespiegelend

Daar moet by e-Beeldskool aanlyn registreer word en alle info moet voltooi word.

Opsomming van opstel- en ope-afdeling kreatiewe skryfkompetisie inskrywings

Naam van skool _____

Telefoonnommer_____ E-pos _____

Die name van al die deelnemers moet op die lys verskyn en dit moet die voorblad vorm van die gesamentlike pdf-dokument van die leerlinge se skryfstukke wat opgelaai word.

Voltooi die onderstaande lys per skool.

Naam van leerling	Graad van leerling	Opstel Kategorie	Titel van skryfwerk

Naam van kontakonderwyser:_____ Selfoonnommer:_____

Verklaring deur skoolhoof/afrikaansonderwyser

Hiermee verklaar ek dat die inskrywing die onderwyser/leerlinge se **eie werk** is.

Ek aanvaar dat my skool se inskrywing gediskwalifiseer sal word indien dit anders blyk te wees.

Naam en van (drukskrif) _____ Handtekening: _____